



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 20 Februarie 2020

Gedagte van die week:

A God chaser is a person whose passion for God's presence presses him to chase the impossible in hopes that the Uncatchable might catch him.

Teks van die week:

Eksodus 24

Meditasie uit die Woord:

'n Mens se eerste reaksie/emosie by die lees van 'n teks is dikwels die punt waar die teks vir jou lewe kry. Daarna moet jy bewus wees van hoe die teks met jou werk en hoe jou emosies skuif. Ek het hierdie week beweeg van frustrasie met die teks (dit is deurmekaar, ongeordend en vol teenstrydighede) na lag (verbeel jou die toneel van bulle en bloed ...) na deernis met Moses en sy mense. Hulle sukkel so met God: Waar is Hy en wie is Hy en hoe is Hy en wat wil Hy hê? En dan ontwerp hulle 'n hele slaghuis/slagveld waarheen hulle meen hulle Hom kan lok! En as Hy nie sy verskyning maak nie, dan klim hulle maar die berg op na wat hulle vermoed sy woonplek is. En wanneer die weer swaar raak en die wolke dae lank laag hang oor die berg dan staan hulle daarna met die geloof dat dit sy gordyne is waaragter Hy homself wegsteek. En so bou ons kerkgeboue met banke en orrels en kerse en kruise en spesiaal versierde liturgiese ruimtes ... want soos Moses en sy mense kan ons nie ontslae raak van die vermoede van en behoefte aan God nie. Ons het hierdie vreemde "wete" (ons noem dit geloof) dat Hy is en ons verlang en begeer vir duisende jare na hierdie wegkruipende God. Party het opgegee ... hulle sê nie dat Hy nie is nie, hulle het net opgehou met die soek en sukkel (ons noem hulle ateïste). Maar ons kan nie ophou nie ons gaan Sondag verder soek en sukkel! En aan jou dink, liewe Moses!

Meditasie uit die lewe:

Prof Johan Rossouw skryf in verlede Sondag se Rapport na 'n boek van Maggie Ross met die titel, Silence: A User's Guide : "Jaarlikse prestasiebeoordelings, jaarbeplannings, prestasietekens, weeklikse en maandelikse spertye waaronder die meeste werknemers vandag arbei word ontmasker vir die **geestelik verminkende gestig** wat dit is".

Eenvoudig: Die lewe maak ons siek! Dertien miljoen Suid-Afrikaners gebruik pille teen geestesiektes. Die vraag is hoe ons só siek geword het. Rossouw, in navolging van Ross, glo dat dit is as gevolg van 'n gebrek aan stilte. "Pleks van om na ons angs en spanning te luister, en dit te gebruik as padtekens terug na die beoefening van stilte, verdoof ons dit". Ons voeter net voort! Stilte is die grootste vorm van verset teen ongesonde lewensritmes en patrone, maar dit is terselfdertyd ook die grootste bron van genesing. In stilte is daar 'n goeie kans dat 'n mens weer jouself kan herontdek en waardeer. Ross praat van om jou **diep gemoed** weer te besoek. Daarna is jy weer lief vir jouself en die lewe.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net